# GEMEENTEBRIEF APRIL 2024

**Ek hoop dat dit met jou goed gaan en dat die bietjie winter jou nie onverhoeds betrap het nie. Soos die gebruik is, volg daar na elke kerkraadsvergadering 'n Gemeentebrief waarin ons sommer net vertel van wat op die afgelope vergadering gebeur. Verlede Donderdagaand se vergadering is hoofsaaklik gewy aan twee belangrike sake, naamlik die gemeenteproses, sowel as die NG Kerk in Namibië se verhouding met die Algemene Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika.**

## GEMEENTEPROSES


### 1. Gemeente Analise

Voordat die kerkraad die terugvoer van Beweging 2 hanteer het, is daar kennis geneem van die meganiese analise wat in die gemeente gedoen is. 'n Meganiese analise wil kortweg twee goed probeer beskryf: (1) Hoe die gemeente lyk en (2) die funksionering van die gemeente. Die fokus is, sover beskikbare syfers dit toelaat, op die afgelope 10 jaar. Van die interessante gegewens sou die volgende kon wees:


| | Feb-14 | Feb-19 | Feb-24 |
|---|---|---|---|
| **Totale lidmaatskap** | 1,063 | 890 | 787 |
| Belydend | 763 | 637 | 566 |
| Doop | 263 | 229 | 197 |
| Ander | 13 | 4 | 9 |
| Ongedoop | 19 | 16 | 8 |
| Onbekend | 5 | 4 | 7 |

Daar was dus van 2014 na 2024 'n 26% daling in totale lidmaatskap (2014-2019: 16.3% en 2019-2024: 11.6%). Persentasie daling in belydende lidmate ("grootmense") van 2014-2024: 25.8% en by doop en ongedoopte lidmate (kinders) 27.7%.
Ds Thijs van der Merwe (die Algemene Sekretaris, NGKN) reken 'n ingeligte raaiskoot kan wees 'n 20% daling in totale lidmaattal van die NGKN vanaf 2019-2024.


**Gemiddelde ouderdom**
2001 34
2017 37
2024 40




**Erediensbywoning**
‘n Steekproef is tydens eredienste gedurende Maartmaand 2024 gedoen (Paasnaweek uitgesluit).
Gemiddelde erediensbywoning:  17%.
Gemiddelde ouderdom van mense wat eredienste bywoon:  44 jaar.




**Finansies**




| | 2023/2024 | 2018/2019 | 2013/2014 |
|---|---|---|---|
| Inkomste | 5,508,588 | 5,557,820 | 4,308,658 |
| Uitgawes | 4,876,374 | 5,332,207 | 4,006,788 |

Inkomste Uitgawes

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Surplus** | 2023/24 | 2018/19 | 2013/14 |
| | 632 215 | 225 613 | 301 870 |

**Beleggings**: 5.25 miljoen (as gevolg van die verkoop van die Breitingstraat huis – die bedoeling is om dit, wanneer die mark gunstig is, weer in eiendom te belê met die oog op 'n meer volhoubare inkomste, asook die moontlikheid van verblyf vir 'n volgende dominee.)

**Die grootste bron van inkomste** is dankofferbydraes, 50.2% van totale inkomste. Hierdie bydraes berus op vertroue. Daar is geen kontrole oor die of, wie, wanneer van bydraes nie. Hierdie bydraes het die afgelope 5 jaar gedaal van 2 879 189.00 (2018/19) na 2 767 278.00 (2023/24), 'n daling van 3.9%.

**Belydende lidmaat bydraes** (dankoffers, erediens offergawes, tiendemaand) per belydende lidmaat per maand:

| | | | |
|---|---|---|---|
| per maand: | 2023/24 | 2018/19 | 2013/14 |
| | 603.70 | 591.26 | 363.99 |

**Die grootste uitgawe** is salarisse, medies, pensioen, ensovoorts van die vaste personeel. Dit het oor die afgelope 5 jaar tot 55.6% gedaal vanaf 65% in 2019.

Om die volledige analise in hierdie brief op te neem, maak nie veel sin nie, dit is bloot te lank. Die analise is beskikbaar, en jy kan enige tyd vir Maretha of vir Hendrik/André kontak, sou jy graag na die volledige analise wou kyk.

Die kerkraad het kennis geneem van die analise en dit word as 'n lens of een van die lense gebruik waardeur ook na die gemeente se storie gekyk word. Die kerkraad verkies egter om eerder die klem te laat val, die pad van die gemeente te laat bepaal en oor die gemeente te dink, vanuit die roeping van die gemeente. Meer is waar as wat 'n meganiese analise kan beskryf.

## 2. Verslag na afloop van Beweging 2

Nadat daar in Beweging 1 oor God se bedoeling met sy kerk gepraat is, probeer Beweging 2 agterkom hoe daar oor Windhoek-Oos gedink word. Uiteindelik wil Beweging 3 ons gedagtes oor Windhoek-Oos in lyn bring met hoe God oor die kerk dink.

### Terugvoer, soos deur André in die verslag verwoord

Terugvoer word by elkeen van die vrae in drie kategorieë (A, B, C) verdeel. **A** is sake wat algemeen voorgekom het. **B** is sake wat minder algemeen voorgekom het, maar tog algemeen genoeg om van kennis te neem. **C** het min genoeg voorgekom om onbeduidend te wees – *"Onbeduidend"* beteken dat die betrokke item net een of dalk hoogstens twee keer in al die baie terugvoer ter sprake gekom het.

**Vraag 1:** Hoe voel jy oor jou verbintenis met Windhoek-Oos?

**Kategorie A**

1. Windhoek-Oos is my huis, my **tuiste** (ook al trek ek rond), my familie, my veilige plek, my geloofsgemeenskap waar ek behoort, welkom voel, vir my ruimte geskep word om God te dien

en my eie plek, my roeping te vind en uit te leef. Hier voel dinge vir my reg, voel ek deel van die liggaam van Christus. Hier is God belangriker as ons.

**Kategorie B**

1. By Windhoek-Oos vind ek gevestigde waardes, **vastigheid**, want hier word nie agter elke nuk en gril van ons omgewing en mense aangehardloop nie, verander ons nie ter wille van verandering nie. Hier is rigting, nie vandag dít en môre dát nie. Hier leer my kinders die regte goed en só gaan hulle van hier af die wêreld in.
2. Waar en wie ek vandag is, het grootliks te doen met Windhoek-Oos se moeite toe ek jonger was. Ek **leer** hier iets. Hier het my persepsies verander. Hier het ek geleer God soek nie offers nie, maar vir my. Ek vereenselwig my met wat hier gebeur.
3. Ek hou van Windhoek-Oos se "vibe", ek **geniet** dit hier, dit is lekker, gelukkig, gemaklik, positief. Ek is bly ek is hier.

**Vraag 2:** Waarmee vaar Windhoek-Oos na jou mening goed?

**Kategorie A**

1. (i) Die lewe gaan oor **God** en sy eer, (ii) die **Bybel** is sentraal en word ernstig opgeneem, (ii) **eredienste** waarmee moeite gedoen word, erediens elemente wat by mekaar aansluit, eredienste in ons eie taal, eredienste waaruit (i) en (ii) duidelik blyk. (Skrifgetrouheid, nie motiveringspraatjies, vermaak en allerhande "sideshows" nie. Sakramente baie spesiaal. Saaleredienste. Eredienste ernstig, maar nie "swaar" nie. Hou ons nie besig met randsake nie, maar fokus op God en vra wat vir Hom belangrik is. "Die Bybel het hier regtig vir my oopgegaan".)
2. **Gasvry, vriendelik, verwelkomend** (Inklusief, verskeidenheid word gekoester en verskille as waardevol beskou, verskillende generasies word tegelykertyd in ag geneem, geen diskriminasie, mense mag hulleself wees, moeite met besoekers en nuwe mense)
3. **Uitstekende musiek** (diensgroep): Die musiek dra/ondersteun die teks van die dag. Deeglike beplanning en voorbereiding en hoë kwaliteit. "Blended worship" (verskeidenheid van mense wat saam aanbid word in ag geneem, verskillende instrumente, musiekstyle, tale en maniere van sing). Die groep bestaan uit soveel verskillende (soorte) mense en ouderdomme en style, maar werk baie goed saam. Invloed buite die gemeentegrense, in die stad sowel as die res van die land.
4. Die **leraars** is plat op die aarde mense, informeel, het 'n goeie verhouding met die gemeente en met mekaar, bekwame mense, goeie leiers, alles gaan nie oor en draai nie om hulle nie (my indruk is dat hierdie terugvoer gegee is asof Hestie steeds hier is).

**Kategorie B**

1. Die manier waarop gemeentemense **reageer op nood**, behoeftes, tekorte binne en buite die gemeente. Ons hoor, dan help ons. Soos 'n groot ondersteuningsnetwerk.
2. **Kuiergeleenthede** (veral ook dié ná eredienste) en viering van belangrike momente in die kerkjaar (Byvoorbeeld Paasfeesontbyt, die kuier saam met kerssangdiens).
3. Die **gemeentegewoontes** wat ons Sondag vir Sondag sien en week na week kan inoefen en alles daar rondom.
4. Die gemeente is goed **gestruktureerd, georden**, val nie rond nie, weet waarheen ons op pad is, 'n mens weet wat jy kan verwag.
5. Wye **betrokkenheid oor die hele land** (Sauyemwa, Degnos, life@christ.music)

**Vraag 3:** Waarmee vaar Windhoek-Oos na jou mening nie goed nie?

**Kategorie A**

1. Ons aanvaar nie (self) **verantwoordelikheid** nie. Lae vlak van toewyding (**"commitment"**) … by ander, nie by my nie. Voeg nie daad by die word nie. Neem besluite, maar voer dit nie uit nie. Ander moet, nie ek nie. Wil hê die kerk moet in (my) behoeftes voorsien terwyl ek self veronderstel is om iets daaraan te doen. Sê wel God is sentraal, maar eintlik draai alles om my en my wense en behoeftes en waarmee ek gemaklik is of nie gemaklik is nie. Selfgesentreerd. Wil bedien word eerder as om te dien. Verbruikersmentaliteit, kerk moet lewer wat ek wil hê, anders onttrek ek, lewer kommentaar van die kantlyn af en/of gaan elders. Sien die kerk as 'n passasierskip waar ander my bedien, eerder as oorlogskip waarop ek is omdat ek 'n werk/rol het. Sien die splinter in ander se oog en wil hê dit moet uit, maar sien nie die balk in my eie oog nie. Natuurlik moet die kerk "gaan" en mense leer om te gaan en dissipels maak, maar dis asof ons nie kan besef dat dit eintlik ek is wat moet gaan en van wie 'n dissipel gemaak moet word nie. Ons voel ons is mense met regte en ons regte moet gerespekteer word.
2. **Musiek**: "Blended worship" gaan nie ver genoeg nie, is eensydig, ongebalanseerd. Te veel Engels en musiek vir jonger mense en te min Afrikaans. Moet meer musiek uit liedereskat van NG Kerk insluit. Liedboek, Vonkk, orrel. Liedboek liedere se woorde moet nie verander word nie. Kinders moet liedere leer en ken soos ons(?) van kleins af geleer en geken het.

**Kategorie B**

1. Dat ons **verskeidenheid** koester, word verkeerd (eensydig) verstaan. Jonger mense en kinders kry 'n plek en ruimte, maar die verskeidenheid sluit nie in dieselfde mate ouer mense en hulle behoeftes in nie.

Die kerkraad het besluit om die proses om 'n tweede leraar te beroep, te bespoedig. Hiervoor 'n groep saamgestel. Nege gemeentelede is genomineer en nog vier het self aangemeld. Hierdie groep sal reeds in die week van 14 April vergader, werk deur die inligting wat tot dusver deur die loop van die proses versamel is en op grond daarvan vir die kerkraad voorstelle formuleer oor 'n moontlike profiel van die persoon benodig vir die vul van die vakature. So spoedig moontlik hierna sal die kerkraad besluite rakende die beroep finaliseer. Die gemeente sal so deeglik as moontlik op hoogte van sake gehou word deur middel van die gemeente media.

## NG KERK IN NAMIBIË SE VERHOUDING MET DIE ALGEMENE SINODE VAN DIE NG KERK IN SUID-AFRIKA

Na aanleiding van die 2019 besluit van die Algemene Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika oor, onder meer selfdegeslagverhoudings, het die Namibiese Sinode in 2022 die volgende besluit geneem, soos beskryf in 'n persverklaring tydens die sinode: ***Die Namibiese sinode is van voorneme om die pad van kerklike tug en dissipline met die Algemene Sinode te stap soos uitgespel in Jesus se woorde in Matteus 18:15-17. Die Namibiese sinode oordeel dat die Algemene Sinode nie die breë kerk met kerklike leierskap gedien het nie. Indien die pad van tug en dissipline nie binne die volgende ses maande uitloop op 'n vaste voorneme om bepaalde besluite van die Algemene Sinode te herroep nie, sal die Namibiese Sinode haar band met die Algemene Sinode losmaak. In kerkorde taal word daarna verwys as die Artikel 37-proses. Die Namibiese Sinode wys veral op die besluite oor selfdegeslagverhoudings en die bestuur van teologiese opleiding aan die fakulteite wat die kerk toenemend vervreem. Die Namibiese Sinode sal in die komende maande hulle NG gemeentes betrek en toelig in die verskillende prosesse wat hierdie ingrypende optrede tot gevolg het. Namibië vertrou dat die Algemene Sinode begrip sal toon en tot inkeer sal kom. Die Namibiese Sinode nooi ook ander streeksinodes uit om deel te neem aan hierdie proses en ontmoeting met verteenwoordigers van die Algemene Sinode.***

Die sinode van Namibië het 'n taakspan (Matteus 18) saamgestel met die opdrag om namens die sinode van Namibië die Algemene Sinode van die NG kerk op te roep tot hartgrondige bekering (2022 Sinode besluit. Indien hartgrondige bekering nie sou plaasvind nie, is dit die voorneme van die Namibiese Sinode om kragtens Art37 van die NG kerkorde uit die huidige verband met die NG kerk se Algemene Sinode te tree.

Die Taakspan Matteus 18, in oorleg met die Namibiese moderamen, oordeel dat genoegsame bekering nie by die Algemene Sinode plaasgevind het nie.

Die Namibiese moderamen oordeel dus dat die Namibiese besluit van 2022 van krag word deur middel van die aktivering van die proses van herdefiniëring van, uittrede uit die verhouding met die Algemene Sinode.

Kerkrade word versoek om gemeentes in te lig oor die voorstel en die gevoel van die gemeente te toets in terme van onderstaande prosesbesluit:

*In die lig van God se Woord is die Ned. Geref. Kerk in Namibië oortuig dat:*

- *ons in gehoorsaamheid aan die Here ons roeping verstaan om volwaardig die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Namibië te wees;*
- *en wel nie langer bekend sal staan as een van die deelnemende kerke van die vergadering van die Algemene Sinode nie;*
- *om met 'n krities-profetiese stem in kontak te bly met die Gereformeerde familie in Suidelike Afrika;*
- *en rig 'n versoek om waarnemerstatus by bepaalde vergaderings en taakspanne van die Gereformeerde familie in Suidelike Afrika met die oog op tersaaklike samewerking en koördinasie met die oog op onder andere kuratorium- en opleidingkapasiteite.*

Die kerkraad oordeel soos volg:

1. Die kerkraad is van mening dat die proses van losmaking van die Algemene Sinode van Dag 1 af nie teologies deeglik gefundeer was, sowel as dat die praktiese uitvoerbaarheid daarvan nie goed deurdink is nie;
2. Die kerkraad handhaaf 'n vroeëre besluit om nie deel te neem aan gesprekke wat, volgens die oordeel van die kerkraad, veredelend van aard is, mense verdag maak en nie die koninkryk dien nie;
3. Die kerkraad sien dus nie sy weg oop om deel van die proses van losmaking deur die Namibiese Sinode van die Algemene Sinode in Suid-Afrika te wees nie;
4. Die kerkraad herbevestig egter sy steun aan 'n vroeëre besluit van die Namibiese Sinode om wel in gesprek met die Algemene Sinode te gaan/bly, sowel as om plaaslike verhoudinge met ons gereformeerde familie uit te bou, ter wille daarvan om 'n eg Namibiese kerk te wees. In hierdie sin van die woord, sluit die terme 'herdefiniëring' en 'losmaking' mekaar uit.
5. Die kerkraad lig die gemeente van hierdie besluit in en nooi gemeentelede vir verdere gesprek, waarna die besluit aan die Ringskommissie voor einde Mei gestuur word.

## Nog 'n paar besluite uit die kerkraadsvergadering ...

- Die volgende lidmate het **amptelik aangedui dat hulle deel van die gemeente** wil word: Lizelle Nel, Edward & Annalien Turner, Daniël & Elmarize Kotze en Nelda du Plessis. Hulle het die DNA gesprek bygewoon. Hulle word verwelkom in die gemeente en sal so gou moontlik aan die res van die gemeente voorgestel word.

- Die **begroting 2024/25** is amptelik goedgekeur. Jy kan enige tyd daaroor navraag doen by die kantoor of by enige lid van die Diensgroep vir Administrasie en Finansies.

- **Diensgroepe, -aksies en -projekte** se planne vir 2024 word goedgekeur.

Onthou tog, in Windhoek-Oos hou ons baie van koffie ... As daar uit enige van bogenoemde sake iets is waaroor jy graag groter duidelikheid wil kry, vrae het, of wat ook al, kontak ons enige tyd. Een van ons waardes is juis dat ons in Windhoek-Oos nie óór mense praat nie, maar mét mekaar.

**Baie sterkte en seën.**